## DIE NG GEMEENTE MÔREGLOED STEL HIERMEE BIDDEND DIE VOLGENDE VAKATURE BEKEND:

## LERAARSPOS, VASTETERMYN (3 JAAR)

**GEMEENTEPROFIEL**

Die gemeente is 'n tipiese voorstedelike gemeente in die Noord-Oostelike deel van Pretoria (bekend as die Moot), wat gedurende November 1958 tot stand gekom het en tans uit ongeveer 167 belydende en 13 dooplidmate bestaan. Die gemiddelde ouderdom van lidmate is ongeveer 55 jaar.

**LERAARPROFIEL**

Die geskikte kandidaat moet

- Verkieslik oor eie huisvesting binne bereikbare afstand van die gemeente beskik;
- Self voorsiening maak vir pensioen- en bydrae tot 'n goedgekeurde mediese fonds;
- Goeie gesondheid geniet;
- En nie ouer as 67 jaar wees nie.
- Die Kerkraad sal 'n gesonde en lewenskragtige persoon wat pas geëmeriteer het, sterk oorweeg.
- Belangstellende leraars moet glo:
  * dat die Bybel die heilige en onfeilbare Woord van God is;
  * dat die Gereformeerde belydenisse OOREENSTEM met die Woord;
  * dat Jesus werklik regte duiwels (gevalle geestelike wesens) uitgedryf het;
  * dat die huwelik die liefdesverbintenis van een man met een vrou is.

**POSBESKRYWING**

Die predikant moet die verantwoordelikhede soos omskryf in Kerkorde Artikel 9 uitvoer met die klem op die opbou van die gemeente en die geestelike versorging van lidmate.

**VERGOEDINGSPAKKET**

- Die totale TKVI per maand is R20 000.

**AANSOEKE**

- Aansoeke sluit op 28 Februarie 2026 om 00h00. Indien u binne 14 dae na die sluitingsdatum nog niks van ons gehoor het nie, was u aansoek onsuksesvol.
- Aansoeke moet vergesel wees van 'n verkorte CV (maksimum 3 bladsye) met vermelding van twee referente en moet gestuur word aan: kerkkantoorngkmoregloed@gmail.com
- Aanvangsdatum vir die pos is 1 April 2026.
- Navraag kan gedoen word by die skriba, Ilse van Hemert (079 426 7904).

***Die Kerkraad behou die reg voor om nie 'n beroep uit die aansoeke uit te bring nie.***